BELEIDSDOKUMENT

NHKA

NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

BELEIDSDOKUMENT

ONBILLIKE DISKRIMINASIE, VIKTIMISASIE EN SEKSUELE TEISTERING IN DIE KERK

INLIGTING

Dokumentverwysing:	Onbillike diskriminasie, viktimisasie, teistering en seksuele teistering in die werkplek
Verantwoordelike persoon (beleid):	Dr Frikkie Labuschagne
Afdeling verantwoordelik:	Bestuurskomitee
Outeur(s):	Johan Hattingh
Datum van hierdie weergawe:	1 Maart 2024
Weergawenommer:	1
Hersieningsdatum:	31 Januarie 2025

GOEDKEURING

Taalkundig versorg:	Handtekening: Geproeflees deur Tessa Oppermann	Datum: 8 Maart 2024
Goedkeuringsliggaam:	Kommissie van die AKV	
Goedgekeur deur:	Handtekening:	Datum: 1 Maart 2024

WEERGAWEREKORD

	Nr	Datum	Veranderinge
Huidige weergawe:	1	9 Mei 2020	4 April 2022
Vorige weergawes:			

INDEKS

1. INLEIDING 4
2. DOEL 4
3. DEFINISIES 5
3.1 ONBILLIKE DISKRIMINASIE 5
3.2 TEISTERING 5
3.3 SEKSUELE TEISTERING 5
3.4 VIKTIMISASIE 6
4. AANMELDING 6
5. BEGINSELS WAT OP 'N AANMELDING BETREKKING HET 6

1. INLEIDING

1.1 Almal wat deur God in genade uitverkies is en deur die Heilige Gees in Jesus Christus glo, is lede van die kerk van Jesus Christus.

1.2 As kerk van die Here Jesus Christus is dit belangrik dat almal moet weet dat hulle in die gemeente van die Here Jesus Christus, vergaderings en ander kerklike ruimtes veilig is.

1.3 Die Woord van God skep orde en dissipline in die Kerk en daaruit vloei die verwagting dat almal ooreenkomstig die Woord van God glo en leef, en Jesus Christus as enigste Hoof van die kerk erken.

1.4 Alle lidmate, werknemers en ampsdraers van die NHKA moet te alle tye deur hul optrede uitdrukking gee aan die integriteit van die kerk van die Here.

1.5 Die riglyne wat hierop volg, moet dus gesien en geïnterpreteer word ooreenkomstig die beginsels wat in die voorafgaande paragrawe vervat is.

2. DOEL

2.1 Die doel van hierdie dokument is om alle persone betrokke by die NHKA sensitief te maak vir die wette wat met diskriminasie handel.

2.2 Met inagneming van die Bybelse riglyne, word hier verdere riglyne uitgespel om persone in en verbonde aan die NHKA behulpsaam te wees om die vereistes van hierdie wetgewing met die nodige omsigtigheid te hanteer.

2.3 Om prosedures voor te stel waarvolgens klagtes en aanmeldings insake diskriminasie, teistering, alle vorme van seksuele misbruik en wangedrag, in die wydste vorm, in die Kerk hanteer behoort te word.

2.4 Omdat die definisies soos vervat in die betrokke wette en die regspraak omvattend is, is die doel hiervan om die begrippe te probeer vereenvoudig. Dit beteken noodwendig dat indien daar by enige persoon enige twyfel van watter aard ook al is, hy of sy onverwyld met die nakomingsbeampte van die Kerk in aanraking sal kom sodat die persoon verwys kan word na kundiges om die nodige advies te kry.

3. **DEFINISIES**

Die definisies word in die wetgewing en regspraak baie wyd omskryf. Hier word ’n kort samevatting van die definisies gegee. Weer eens: Indien daar by enige persoon twyfel is, skakel met die nakomingsbeampte sodat u hulp kan kry. Hierdie begrippe word eerder wyd as eng vertolk. Waar voorbeelde gegee word, is dit slegs voorbeelde en kan daar ook ander gevalle van diskriminasie, teistering of viktimisasie wees.

3.1 ONBILLIKE DISKRIMINASIE

3.1.1 Onbillike diskriminasie sluit die stigmatisering van enige persoon in deur verdagmaking of etikettering van ’n persoon of ’n klas van persone (hetsy direk of indirek of by implikasie) op die gronde van onbillike diskriminasie soos hierna uiteengesit.

3.1.2 Onbillike diskriminasie sluit verder in enige handeling of versuim om iets te doen wat ’n onbillike of onregverdige of onregmatige onderskeid tref teenoor ’n persoon of persone of klas van persone op grond van sodanige persoon of persone of klas van persone se ras, geslag, swangerskapstatus, huwelikstatus, MIV/vigs-status, enige aanmeldbare siekte soos byvoorbeeld ’n persoon se Covid-19-status, sosio-ekonomiese status, etniese of sosiale oorsprong, geslags- of seksuele oriëntasie, ouderdom, gestremdheid, godsdienstige oortuiging, gewete, geloof, kultuur, taal of enige ander gronde.

3.2 TEISTERING

3.2.1 Teistering is enige gedrag of optrede of kommunikasie (skriftelik of mondeling) wat ’n persoon of ’n groep of ’n klas van persone kan verneder, verkleineer of leed aandoen of moontlik kan aandoen of hulle intimideer of moontlik kan intimideer.

3.2.2 Voorbeelde van teistering is die misbruik van mag, posisie, baasspelery, afknouery, boelie, nepotisme of voortrekkery of enige vorm van viktimisasie soos onder andere om iemand spesifiek of ’n kategorie persone te spot of ’n bespotting van hulle te maak of op hulle te pik, of die maak van direkte of indirekte vergeldingsdreigemente of op- of aanmerkings of om uitvoering aan enige dreigement te gee.

3.3 SEKSUELE TEISTERING

3.3.1 Seksuele teistering is enige gedrag of optrede van enige seksuele aard of ondertoon of implisering of enige skriftelike of mondelinge kommunikasie van enige seksuele aard of met ’n seksuele ondertoon.

3.3.2 Voorbeelde van seksuele teistering is die volgende:

3.3.2.1 Ongevraagde of ongepaste fisiese aanraking van ’n persoon of persone, enige opmerking (mondeling of skriftelik) rakende ’n persoon of persone se sekslewe of seksuele voor- of afkeure wat enige kommunikasies insluit wat ’n seksuele ondertoon of insinuasies bevat.

3.3.2.2 Die maak van seksistiese grappe of op- of aanmerkings of sinspelings van enige seksuele aard van watter aard ook al.

3.3.2.3 Onvanpaste versoeke of skimpe van ongepaste afsprake of enige op- of aanmerkings ten opsigte van ’n persoon of persone of klas van persone se figuur of bepaalde fisiese bou.

3.3.2.4 Gebare met ’n seksuele betekenis of ondertoon, onvanpaste aanglurings of onwelkome en onvanpaste volgehoue flirtasies.

3.3.2.5 Die kommunikering van enige pornografiese materiaal of boodskappe, of materiaal of boodskappe met ’n seksuele ondertoon.

3.3.2.6 Om iemand iets te beloof in ruil vir seksuele betrokkenheid.

3.3.2.7 Seksuele teistering kan ook plaasvind deur enige sosialemediaplatform.

3.4 VIKTIMISASIE

Viktimisasie vind plaas indien opgetree word of gedreig word om op te tree teen ’n persoon of klas van persone omdat hy/sy/hulle beoog om ’n klagte van onbillike diskriminasie, seksuele of ander teistering of stigmatisering aanhangig te maak, of iemand anders gehelp het om sodanige klag te lê, of omdat sy/hy/hulle inligting oor sodanige klag verskaf het of as ’n getuie in sodanige klag optree en/of beoog om op te tree.

4. AANMELDING

4.1 Die rapportering van beweerde ongewenste gevalle ten opsigte van onbillike diskriminasie, teistering, seksuele teistering en viktimisasie wat verband hou met die handelinge in hierdie beleidsdokument geïdentifiseer, moet kragtens die Kerkorde hanteer word en so gou doenlik by die nakomingsbeampte aangemeld word (nakoming@nhk.co.za).

4.2 Die nakomingsbeampte mag ’n adviserende paneel of bemiddelaar nader om ’n geskikte uitkoms vir die aanmelding te fasiliteer.

4.3 Die persoon wat die aanmelding doen en die oortreder moet deurlopend ingelig gehou word oor die vordering met die klagte.

5. BEGINSELS WAT OP ’N AANMELDING BETREKKING HET

Vertroulikheid en beskerming van en teenoor die slagoffer of aanmelder word in alle gevalle gehandhaaf met kommunikasie beperk tot die nakomingsbeampte, die aanmelder en die oortreder. Diegene wat betrokke is by die aanmelding sal tot die minimum beperk word en slegs betrokkenes sal met instemming van partye toegang tot die inligting verkry. Onderhewig aan paragraaf 4.1 geld die volgende beginsels:

5.1 Prosedurele billikheid sal deurlopend in ’n klagoplossingsproses van toepassing wees. Persone verantwoordelik vir die ondersoek en oplossing van klagtes het ’n verpligting om nie deur partydigheid of ’n botsing van belange beïnvloed te word nie en moet regverdig en onpartydig optree. ’n Botsing van belange moet verklaar word sodra dit ontstaan of moontlik kan ontstaan.

5.2 Elke party moet ten opsigte van die bewerings teen hom of haar behoorlik ingelig en ’n billike tyd en geleentheid gegun word om die bewerings te oorweeg met

inagneming van die relevante bepalings van die Kerkorde wat handel met opsig en tug.

5.3 Klagtes sal onmiddellik ondersoek word. Partye betrokke by ’n klag sal daarop geregtig wees om geskikte raad te ontvang.

5.4 Alle partye sal moeite doen om die klag deur broederlike gesprek soos bedoel in die Kerkorde op te los en indien dit nie slaag nie, deur mediasie (hierna na verwys as bemiddeling), met die oog daarop om ’n ooreenkoms te bereik wat met kerklike waardes strook.

5.5 Indien ’n ooreenkoms nie bereik kan word nie, word daar voortgegaan met die tugprosedure soos in die Kerkorde uiteengesit.

5.6 Die nakomingsbeampte handel deurgaans in die belang van beide partye en die Kerk en het geen ander funksie nie as om toe te sien dat hierdie beleidsdokument toegepas word.

5.7 Indien die klag tot bevrediging van die betrokke partye hanteer en opgelos is, is die klag afgehandel en geen verdere stappe sal deur enige party geneem word nie. Die partye sal skriftelik bevestig dat hulle tevrede is met die inhoud en wyse waarop die gesprek verloop het, en onderneem om nie verder met enige aangeleentheid daarin vervat, te handel nie.

5.8 ’n Tussengangerproses mag in die geval van seksuele teistering die voorkeuropsie wees waar ’n tugondersoek onafwendbaar is.

5.9 Toepaslike stappe sal geneem word om emosionele ondersteuning aan alle partye tydens en ná die prosedures te verseker.

---oOo---